

Selgroepleiers vergadering Notule- Woensdag 25 Oktober 2023

- Teenwoordig: Toit Wessels, Elizma Harmse, Sonja Tait, Johan van der Merwe
- Afwesig met verskoning: Conrad Pienaar, Joukje le Roux, Andre Barnard, MG van Rooyen, PC van Rooyen, Jean- Mari Oberholzer, Marlene Postma, Rassie Du Plessis, Riaan Viljoen, Ben Fourie

Opening: Lees die teks vanaf die Gemeente se hoeksteen. Johannes 15:12 *“Dit is my gebed, dat julle mekaar moet liefhe soos ek julle liefgehad het.”*

Ons gesels saam oor verskillende vertalings van die woord “Liefgehad”. God se liefde is nie verlede tyd nie. Die 1983- vertaling vertaal dit met “soos ek julle liefhet.”

Elkeen kry geleentheid om te vertel hoe dit met hul persoonlik en met hul selgroep gaan.

- ✚ Terugvoer oor die 7 weke reeks: Die datum (3^e kwartaal) werk goed. Skoolkwartale maak vir baie selgroepe nie saak nie. Boekies word nie juis gemis vir so reeks nie, alhoewel selgroepe wat Bybelstudie doen dikwels hul boekie (handleiding) geniet. Die boekmerkie het heerlik gewerk en sal mens die reeks laat onthou. Ivor Swartz was ’n hoogtepunt. 7 weke kan bietjie lank raak, min mense kan 7 weke in ’n ry bywoon, ’n 4 weke reeks sou dalk ’n gorter inpak kan he.
- ✚ Terugvoer oor die Gemeente etes. Die vorige een was net deur 2 selgroepe bygewoon. Ds. Toit vra of dit nog enigsins ’n doel die? Johan van der Merwe se selgroep/Bybelstudiegroep wat wel daar was, vertel hoe hul tot laat die middag gesit en kuier het. Volgens hom, al word dit deur ’n handjie vol mense bygewoon bly dit ’n belangrike deel van kerkwees. Die baie suksesvolle besoek aan die Kouga dam kan ook as ’n gemeente ete gesien word. Elizma noem dat ons vroer mense moet begin bewusmaak indien daar wel ’n gemeente ete plaasvind.
- ✚ Nuwe Intrekkers funksie 19 November 2023. Johan van der Merwe noem dat dit belangrik is om tydens die klassieke kerssangdiens van 12 November mense uniek uit te nooi na die nuwe intrekkers funksie. Sekere individue sal kies om nie die eietydse kerssangdiens op 19 novmeber by te woon nie. Sonja Tait vra wie is nou juis verantwoordelik vir die funksie. Elizma Harmse verduidelik dat VIA met hul naamlys ons help met iets soets en sout vir die funksie. Naamkaartjies is ook belangrik. Ds Toit verduidelik verder: Name van nuwe intrekkers wat gaan bywoon moet by Niekie deurgegee word. Die nuwe intrekkersfunksie is ’n gesamentlike poging vanaf die kerkraad, Via, selgroepe en die hele gemeente. Ons wil graag he dat daar tenminste 1 (hopelik 2) verteenwoordigers van elke selgroep by die funksie sal wees. Elizma sal duidelik met die selgroepleiers individueel kommunikeer oor wat benodig is.
- ✚ Afsluiting: Volgende Vergadering (voorlopig): Woensdag 24 Januarie 2024